

Skriflesing: Jakobus 3:13-18Teks: **Jakobus 3: 13; 15; 17-18**Sing- **VOORAF SANG: Sb. 5-3 (8): 3,4****TYDENS EREDIENS: Ps. 118:2,7; Ps. 51:3; Ps. 31:5,13; Ps. 23:3; Ps. 116 ...;Sb.10-2 (28b)****Jakobus 3:13-18****Jas 3:13** Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig.**Jas 3:14** Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie.**Jas 3:15** Dié soort wysheid kom nie van Bo nie, maar is aards, sinlik, demonies,**Jas 3:16** want waar daar naywer en selfsug is, kom daar wanorde en allerhande gemene dade.**Jas 3:17** Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.**Jas 3:18** Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.**Skriflesing:** Jakobus 3:13-18Teks: **Jakobus 3: 13; 15; 17-18**Sing- **VOORAF SANG: Sb. 5-3 (8): 3,4****TYDENS EREDIENS: Ps. 118:2,7; Ps. 51:3; Ps. 31:5, 13; Ps. 23:3; Ps. 116 ...;Sb.10-2 (28b)**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, waar ons tot by vandag se Nagmaal 'n ent pad saam met Jakobus kon kom, moet die vergelykings en verbande wat hy ons voorhou, ons bly aangryp. Dit wat ek glo en dit wat ek doen, moet bymekaar uitkom. As my dade nie my geloof bevestig nie, dan is my geloof dood. My geloof moet nie net gepraat word nie, my geloof moet gedoen word (hfst. 2:14-26). Geloof sonder werke word iets van 'n nuttelose geloof, 'n dooie geloof, 'n geloof sonder asem, noem Jakobus dit. In hfst. 2 vers 12 dan stel Jakobus dit vooraf baie duidelik- *12 Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak.*

Geloof en dade staan vir Jakobus dig bymekaar, dit moet altyd bymekaar uitgebring kan word. Ons mag nie wil skei dit wat God saamgevoeg het nie. Tog is hier ook 'n ander verband wat met geloof en dade saamhang. Dit wat ek praat en dit wat ek doen, is ook iets wat bymekaar uitgebring moet word. Verlede Sondag was ons by die leermeesters, hulle wat baie kan praat, baie van hulle, so het Jakobus dit sekerlik ook ervaar, se tonge is baie gevaarlik. Dis waarmee hfst. 3 begin het en dis waarmee ons by hierdie voorbereiding tot by vandag se Nagmaal mee besig was. Jakobus verkies dat daar nie baie leermeesters moet wees nie. 'n Leermeester is by uitstek so 'n mens wat moet besef dat my praat en my doen, ja my woorde en my dade sal deur God se Wet van vryheid geoordeel word.

As ons dan vandag by hierdie Nagmaal ook uit Jakobus 3 kon lees, dan gaan dit hieroor dat my woorde en my dae moet na God heen gevoer kan word. Die begin van Jakobus 3 gaan oor woorde, oor die tong, oor dit wat die leermeester sê, dit moet vars wees, dit moet uit 'n goeie fontein spruit, dit moet die regte vrugte dra, waar 'n vy, vye moet dra en 'n olyf, olywe. Uit dieselfde mond kan daar nie seën en vervloeking kom, in die mond dalk 'n psalm, maar in my hart vloek ek en wil ek vloek.

Ons het in Jak 3:9-10 gelees: *9 Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is. 10 Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie.* Wanneer ons hierdie dinge oor ons mond, oor ons tonge, oor ons woorde besef, hoeveel te meer geld dit nie dan ook teenoor ons lewenswandel, ons gedrag, ons dae nie. Dit waarmee ons vandag tot die Nagmaal nader, gaan ons net na twee dinge kyk. Die eerste punt wat ons voor Nagmaal by moet uitkom is die besef dat vir 'n goeie lewenswandel, ja ook vir 'n goeie Nagmaalviering het ek werklik die wysheid van bó nodig. Na die Nagmaal as nabetracting spreek ons af dat aardse wysheid kan dalk groot wees maar in watter mate dra dit uiters nadelig en skadelike gevolge as ons daarmee ons lewe na vandag se Nagmaal maar net weer op die aardse manier wil voortsit. Eerste dan-

Vir 'n goeie Nagmaalviering het ek werklik die wysheid van bó nodig:

Nagmaal moet deel van ons lewenswandel wees. Ek moet dit wil doen, ek moet dit gereeld wil doen, en dis vir iemand wat tot die tafel nader wat ons vers 13 lees: *13 Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon.* Die 1983-Vertl staan: *13 Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dae wat van nederigheid en wysheid getuig.* Tog moet ons dadelik hierby voeg, iemand wat homself/haarself in vers 14-15 tuisgemaak het, moet nie na die tafel van die Here kom nie. *14 Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. 15 Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels...*

Ons wil eerstens tot die tafel van die Here nader met 'n wysheid wat van bó kom. Dit wat Jakobus in hfst. 1 vers 17-18 gesê het, gryp ons opnuut aan: *17 Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat*

self nie soos hulle verander of verduister nie. 18 Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eerstelinge kan wees van alles wat Hy geskep het. Ons besef Jakobus se styl loop deurgaans in dieselfde rigting dat hy 'n tema van vroeër weer aansny, maar dan sny hy dit net nog skerper aan.

In Jakobus 1 het ons ook al gelees van wysheid. Daarin staan- vv. 5-8: 5 As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyd. 6 Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. 7 (7-8) So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

Jakobus bring wysheid met die regte gebed en waarlik met 'n opregte gebed in verband. Tog staan vir Jakobus voorop dit wat in die geloof moet gebeur. Wie bid, maar hy/sy doen dit ongelowig, is 'n twyfelaar, maar is nog meer. So een is onbestendig in al sy doen en late. Wysheid staan met die regte geloof, staan met die regte gebed, staan koersvas in waarmee hy/sy besig is. En presies op hierdie punt kom Jakobus 1 vers 5 tot 8 en Jakobus 3 vers 13 weer bymekaar uit. Daar moet 'n goeie lewenswandel wees, of soos die 1983-Vertl dit stel, *my gedrag en dade moet van nederigheid en wysheid getuig*. Dit bepaal nie alleen dit wat my koersvas maak nie, maar my gesindheid, my gedrag sal deur 'n wysheid van bó gereguleer moet word.

Duidelik het hierdie wysheid van Bo wat van die Vader van die ligte kom, niks met ons intelligensie of IK of algemene kennis te make nie. Trouens die leermeesters waarmee Jakobus in die begin van die hoofstuk ons aandag op vestig moet vanuit hierdie tipe wysheid 'n voorbeeld vir andere wees om waarlik leermeesters te wees. Ek moet eers kan doen, voor ek andere wil leer ... Dis mense wat uit hulle dade ander leer en nie noodwendig met hulle monde nie. Dit help nie iemand wil met sy wysheid spog maar hulle lewenswandel getuig nie van hierdie besondere nederige wysheid nie. Soos ware geloof deur konkrete dade gepaardgaan so moet ware wysheid ook deur dade bepaal word.

Eintlik het dit alles daarmee te make om werklik salig te lewe, soos wat Jesus, die broer van Jakobus, maar ook sy Here, in die saligsprekinge ons leer dit wat diepe geluk en vrede in jou lewe kan bring. Jesus wat ook in sy vierde saligspreking dit sê – *Salig is die sagmoediges want hulle sal die aarde beërwe*. Die 1983-Vertl sê die sagmoediges *sal die nuwe aarde ontvang ...* Wanneer Jesus in sy wysheid wat inderdaad in alles goddelike wysheid was, ons salig spreek dat ons sagmoedig moet wees, want dan sal ons die aarde erf, dan besef ons Jakobus wil soos in baie ander voorbeelde in sy brief eenvoudig net by Jesus se saligsprekinge aansluit.

Om die aarde te erf is tog 'n geweldige toesegging, ook by vandag se Nagmaal. Daar is so baie in opgesluit in dit wat die aarde alles insluit, maar begin eenvoudig deur sagmoedig te wees. In jou sagmoedige wysheid laat jy dan jou goeie lewenswandel na vore kom, maar jou goeie lewenswandel sal ook weer al meer wil uitreik na sagmoedige wysheid met die aarde as prys. Om sagmoedig te wees, is eintlik maar wat die woord sê. Jy is sag van gemoed, die aarde het jou al gebrei en jou moes sagmaak. Jy het al deur baie meulens moes gaan, jou gemoed is nou anders ingestel op mense, anders as die mense wat dink hulle kan alles reg praat of reg slaan. Dit wat met ware wysheid, nederige wysheid niks te make het nie.

Ware wysheid maak dat ek ook die goeie eienskappe in my medemens sal raaksien, al stem ek ook nie noodwendig in alles met my medemens saam nie. Tog sal ek saam met hom/haar wil Nagmaal vier. Dit is dan inderdaad 'n wysheid van bó! Dit is 'n wysheid wat daarna streef om nie enige belangrike beginsel prys te gee nie, want beginsels is dit wat nie prysgegee mag word nie. Tog besef ons dat wie sagmoedig die aarde wil beërwe, so een werk met 'n geestelike ideaal wat mooi mee gewerk moet word. Wie die aarde wil beërwe is iemand wat gewoon die koninkryk van God wil beërwe. Daar is nie spanning om te hoor as Jesus in die eerste saligspreking praat van aan jou behoort die koninkryk, ek kan die koninkryk beërwe en nou by die vierde saligspreking, kan ek die aarde beërwe nie. Die aarde en die volheid daarvan behoort in alle geval aan die koninkryk, dit behoort aan die Koning om Wie dit in die koninkryk om moet gaan.

As ons dan vandag die toets voor hierdie Nagmaal in wat hemelse wysheid is, oor onself aanlê, dan erken ons hoe nodig ons hierdie hemelse wysheid het. 'n Wysheid wat met verstandigheid

gepaard moet gaan. Jakobus praat van om wys en verstandig te wees. Wysheid beteken in die verband goeie insig, daardie intuïtiewe kennis om op 'n bepaalde oomblik die regte besluit te neem. Met so 'n wysheid sien ons 'n saak in sy wese raak. Dit is 'n wysheid wat slegs van God verkry kan word. As Jakobus praat van om wys en verstandig te wees, het verstandig daarmee te make om na deeglike oorweging wel tot 'n slotsom te kom of om dinge reg te verstaan en te evalueer. Verstandigheid het te make met ondervinding, kennis, 'n bepaalde vermoë. Dis beslis nie altyd 'n geval van dat wyse mense noodwendig verstandige mense is nie. Die samehang tussen wysheid en verstand moet 'n heilige skakel dra om my wysheid ook verstandigheid te laat word.

Tegelyk laat hierdie wysheid my onder die indruk dat ons as kerk kan nie in isolasie lewe nie. Ons is hier onderling verbind tot mekaar, ons vier as kerklike gemeenskap hierdie Nagmaal. Ons gee om vir mekaar, ons is werklik ook mekaar se wagters. Waar ons liefde moet betoon, moet dit daadwerklike liefde wees, waar ons mekaar moet vermaan, doen ons dit omdat ons vir mekaar lief is. Waar tug toegepas moet word, kan dit alleen reg toepas as dit in liefde geskied. Ons besef die regte tugtoepassing vereis wysheid wat nie van hierdie wêreld kan wees nie. Daar moet daadwerklik insig, begrip, iets van 'n verstandige verstaan na vore kom. Ons mag nie soos wêreldlinge wees en die kerk met 'n wêreldse wysheid wil betree nie.

Wysheid in kerk-wees vereis dit wat heilig moet wees, goddelik moet wees, ja dis 'n wysheid wat Christus sentraal stel, want na alles kan net Christus ons wysheid wees. Ons staan met hierdie wysheid van bo, midde-in hierdie wêreld, maar ons mag nie maar sommer van hierdie wêreld wees nie. 'n Wysheid van bo impliseer tog dat ons ook dit wat bo is, ons eie gemaak het. Dat ons midde hierdie wêreld kan uitstyg. Dis waarby Jakobus ons ook wil bring.

As ek myself hierin getoets het, want onthou Jakobus handel onafgebroke oor dinge waarmee ek altyd getoets gaan word, dan moet ek nie bang word as ek sien maar ek deel nou in 'n minderheid wat nie lyk in die wêreld enige indruk gaan maak nie. Ons goeie lewenswandel moet my toets word. Daarmee moet die wysheid gewys word. As Jakobus ons oproep tot hemelse wysheid dan sê hy duidelik ... *17 Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte,*

onpartydig, opreg. 18 Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.

Wysheid is so eie aan Wie God is. Jesus bevestig dit ook in Matt. 11:18- *Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit.*” Mag ons met hierdie besef nou tot die tafel nader, waar ons dan ook ná vandag se Nagmaal by nabetracting dit nog skerper onderskei dat aardse wysheid kan dalk groot wees maar in watter mate dra dit uiters nadelig en skadelike gevolge as ons daarmee ons lewe na vandag se Nagmaal maar net weer op die aardse manier wil voortsit.

AMEN

NABETRAGTING

Jas 3:14 Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie.

Jas 3:15 Dié soort wysheid kom nie van Bo nie, maar is aards, sinlik, demonies,

Jas 3:16 want waar daar naywer en selfsug is, kom daar wanorde en allerhande gemene dade.

Jas 3:17 Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.

Jas 3:18 Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.

Geliefdes, voor vandag se Nagmaal wou ons kom by die wysheid van bó. Ons wou na hierdie tafel kom, sonder bybedoelings. Ons wou kom, *vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.* Die ouer vertaling stel dit op ’n ander manier - ons wou kom ... *geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.* Geseglik lyk my is ’n woord wat verband hou met ware deernis, ’n geseglike mens is ’n mens vol deernis, vol van medelye. Daarin het ons Nagmaal gevier, so moes dit wees.

Nou, ná vandag se Nagmaal sal ons dieselfde wysheid van bó nog net so nodig het. Tog moet die lewe by nabetracting my laat kyk na die wysheid wat ek in die wêreld weer gaan teëkom, maar dit gaan ’n aardse wysheid wees, iets van ’n gewoon natuurlike uitlewing, dit kan selfs duiwels (demonies) wees (die einde van vers 15). Dit staan so in absolute kontras met die sagmoedige wysheid wat ons by vandag se Nagmaal ook moes omhels. Hierdie wysheid wat nie van bó kom nie, is ’n wysheid direk in aansluiting by wat ons belydenis ons ook in voorgaan. Die Kategismus stel dit duidelik in Sondag 2 V/A 5- **ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.** Ons bely ons eie verdorwe natuur, ja bely ons in Sondag 3- **dat ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.** Die Kategismus is in

soveel opsigte oorlaai met 'n wysheid wat van bó is, maar net soveel dra ons belydenis hierdie wysheid aan Christus op. In V/A 18 as die vraag gevra word, Wie Christus is, Hy wat ware God en ware regverdige mens is, dan word Christs uitgeken as die Een wat God **vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het**. Christus, die wysheid bó ons, Hyself ons wysheid van bó, hy waarsku ons na drie kante toe. Eers dit wat hier binnekant ons harte aan die gang kan wees. Bittere naywer, selfsug, dit wat maak dat 'n mens teen die waarheid kan praat. Daarmee kan nie gespog word dat dit wysheid is nie. As ons dit wil beweer dan praat ons teen die waarheid, skryf Jakobus. Sulke sg. wysheid is aards, sinlik, m.a.w. nie-geestelik stel die Direkte-Vertaling dit. Dis selfs demonies. Baie sterk hierdie gevare waarteen Jakobus ons waarsku. Trouens dit bly nie net in die harte nie. Vers 16 beskryf hoe die verkeerde binne ons na buite kan uitbreek. *Waar afguns en selfsug heers, kom wanorde en allerlei gemene dade na vore.*

Ons kom agter, hoe nadelig en hoeveel skadelike gevolge is daar, as daar met die wysheid wat nie van bó kom, gehandel word. Inderdaad handel alle mense so, as die Gees van God ons nie bring by die wysheid van bó nie. Sonder die Gees van God is naywer, selfsug, wanorde, allerhande gemene dade ons almal se deel. Sonder 'n wedergebore hart kan niemand hierdie wysheid van bó verkry nie. Daarom besef ons die wysheid van bó is eintlik buite bereik van die meeste mense. Hierdie wysheid waarin ons vandag Nagmaal kon vier moet in ons gesindheid en motiewe nou verder uitgedra word. So kom ons tot werklike selfondersoek, vra opreg vir die Here om hierdie wysheid (Jak 1:5). Dan kom ons los van die greep van die aardse waar naywer en selfsug heers, ons kom buite die diens van onself, of selfs van die duiwel en ons wil mekaar in nederigheid dien. So 'n gesindheid van vredeliewend te wees, inskiklik wees (insiklik het Aristoteles al beskryf as daardie gesindheid anderkant die geskrewe wet, iets meer as gewoon net regverdigheid), met wysheid van bó is ons bedagsaam, ons is vol medelye, dra goeie vrugte, is onpartydig, is wel opreg. Dit sluit sekerlik so nou aan by die vrug van die Gees wat Paulus in Gal 5 vers 22 pragtig saamgebring het. Mag ons hierin die vrug van geregtigheid in vrede wil saai daar waar ons die vredemakers moet wees. Of soos die 1983-Vertl dit stel- *18 Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.*

AMEN